Higiëne

As ons na higiëne kyk in die Skrifte sal ons opmerk dat dit baie geleer en deurgegee was deur VADER aan SY volk (*Veral die Leviete wat werksaam in die tent van samekoms*). Ons kyk na ‘n vers of twee aanhalings soos: *Gen.35:2…reinig julle en trek ander klere aan; Lev.16:30:…van al die oortredinge moet julle voor die aangesig van die ~~HERE~~ VADER rein word; Num.8:7:…klere was en hulleself reinig;…Matt.10:8: Maak siekes gesond, reinig melaatses; Jak.4:8:… Reinig die hande; ens.*

Ek gaan spesifiek nou kyk na voete wat baie belangrik was en tog nog steeds moet wees. Met ondersoek in die Skrifte (*Hetsy Ou of Nuwe Verbond*) sal jy sien dat die wat met VADER of SY SEUN te doen gehad het moes hulle hul skoene uittrek. Hoekom en wat sou die rede vir dit gewees het moet ons dieper ingaan om ‘n antwoord te kry (*Dus moet daar vir ons ‘n lering / betekenis in wees*).
Met die voete-was dink baie dat dit logies gekoppel word aan higiëne (*stink voete*) tog moes die skoen of sandaal uitgetrek word vir verskillende geleenthede wat verskillende betekenisse in het.

In YAHUSHA se tyd (*So ook voor Hom*) was die “was van voete” ‘n algemene verorden. Dit het ‘n uitdrukking gegee van respek, liefde, skoonheid en gasvryheid. Water was gewoonlik voorsien vir besoekers sodat hulle hul eie voete kon was en so het hulle ook reukolie ontvang. Dus die wat daagliks ‘n huis betree het, het nie net hulle voete gewas weens die stowwerige wêreld wat hulle in geleef het nie. Die mense van daardie tyd het nie motorkarre, teerpaaie en skoene soos ons gedra nie, maar sandale (*Sandduine / stowwerige paaie*); Daarom dit belangrik was dat daar voorbereiding en reiniging van enige huis betreder plaas moes vind voordat hy die huis kon betree.

In die tyd van YAHUSHA was Hy 100% bewus van die algemene higiëne en het dit gereeld deurgegee aan Sy dissipels; Ook dat daar ‘n geestelik aspek daaraan gekoppel was waar Hy en Sy dissipels ook al in huise gegaan het; (*Die geestelike aspek het te doen met die Afgesonderde Gees wat uitgestort sou word later in hulle lewens en daarom die voorberei*). YAHUSHA het geweet dat dié gees binne hulle nog latent was daarom die lering tot en met die ontvangs in hulle. YAHUSHA het ook geweet dat die ontvangs moes wag tot en met hulle gereed is om dit wel te ontvang na Sy Hemelvaart.
Met die laaste Pasga het YAHUSHA die drie jaar lering aan Sy dissipels volbring om hulle voete te was. Eers het die dissipels onder mekaar gemurmureer oor wie die grootste sal wees in die hemel of wie nou eintlik langsaan YAHUSHA sal sit, ens. Die een het die ander begin minag en daarom het YAHUSHA op die laaste Pasga die geleentheid gebruik gemaak om hulle ‘n groot en finale lering deur te gee.

Ek haal die gedeelte uit die Skrif aan: *Joh. 13:7-10 ~~J*sus~~ YAHUSHA antwoord en sê vir hom: Wat Ek doen, begryp jy nou nie, maar jy sal dit hierna verstaan. :8 Petrus sê vir Hom: U sal my voete in der ewigheid nie was nie! ~~J*sus~~ YAHUSHA antwoord hom: As Ek jou nie was nie, het jy geen deel aan My nie. :9 Simon Petrus sê vir Hom: ~~Here~~ Meester, nie net my voete nie, maar ook die hande en die hoof. :10 ~~J*sus~~ YAHUSHA sê vir hom: Hy wat gewas is, het niks anders nodig as om die voete te was nie, maar is heeltemal rein; en julle is rein, maar nie almal nie.*

Dus het YAHUSHA 'n kom gevat en dit gevul met water. Hy het toe 'n afdroog handdoek geneem en begin om Sy dissipels se voete te was. Petrus het teengestribbel om te noem dat YAHUSHA in der ewigheid nooi sy voete mag was nie. YAHUSHA noem toe: *As Ek jou nie was nie, het jy geen deel aan My nie*. Met 'n skok sê Petrus*: nie net my voete nie, maar ook my hande en my hoof*. YAHUSHA sê toe vir hom: *Hy wat gewas is, het niks anders nodig as om die voete te was nie, maar is heeltemal rein…*
Daar is baie uit die verse te leer. YAH-U-SHA (*YAH ons Losser*) ons Koning en Priester wys hoe nederigheid 'n mens (*veronderstel*) moet wees teenoor sy mede (*biologiese*) broer (*Dink net daaraan dat ons Skepper was Sy skepsel se voete*)! Die skepsel kan tog nie hoër as sy Skepper wees nie, maar tog het YAHUSHA dit gewas tot lering.

Dit was die eerste keer dat so 'n daad wel plaasgevind het en nogal op 'n Pasga. Baie dink dat YAHUSHA die voete was as 'n nuwe ritueel ingestel het "veral op 'n Pasga" maak 'n fout. Ek lees nie in die verse dat ons 'n opdrag gekry om met 'n "Pasga fees" voete te was nie!
Inteendeel soos YAHUSHA dit noem: "*Hy wat gewas is*". M.a.w. aan die wat die Woord ontvang het dat daar 'n VADER en SEUN is, en daarin glo is reeds gewas. Op daardie stadium was die dissipels nog ongelowig en twyfelaars, want nadat YAHUSHA gefolter was het hulle teruggegaan na hulle ou werke soos om vis te gaan vang (Joh.21:3) YAHUSHA noem ook in Joh.15:3.: *Julle is alreeds rein deur die woord wat Ek tot julle gespreek het*. Dus was hulle reeds skoon en rein tog onvervulde wesens.
YAHUSHA het ook genoem: "*As Ek jou nie was nie"* YAHUSHA weet dat hulle innerlik en uiterlik rein was en geweet dat hulle nog steeds 'n tekort aan lering het weens die onmin onder mekaar.

Die voete-boodskap is 'n reinheid boodskap wat jy elke dag moet doen. Elke dag moet jy rein wees sodat YAH jou kan gebruik om 'n volgende se voete te kan was. 'n Onreine kan en mag nie voete was nie, maar tog kom elke Jan Raap en sy maat om alleman se voete te was (*Veral op Pasga waar die Rooms-Katolieke en die Jode aan die voortou is*).
Dit is belangrik dat ons teenoor 'n broer [se voete] nederig moet wees.

Mense reinheid begin deur YAHUSHA te verkondig (Joh.15:3). Dié wat luister is reeds rein in YAHUSHA. Al wat hulle nou kort is die wassing van YAHUSHA. Sy dissipels moes van daardie uur waar hulle hul voete laat was het deur hulle Leermeester begin met diens lewering en nie diens ontvang nie; Van daardie uur moes hulle die nederige een wees. Soos genoem is dat YAHUSHA se "voete was" boodskap om nederig gaan tog reinheid van kop tot tone vir VADER se Afgesonderde Gees {YAHUSHA} binne jou. Ook kan ons noem dat die 'voete was' 'n daaglikse proses moet wees tot voorbereiding vir die vuilheid wat daar buite lê en wag. Die mens se voete is die deel van die liggaam wat jou mobiel maak, m.a.w. hulle ly jou na YAHUSHA of na die hel.
(*Vir die interessante kan ons kyk wat met Josef gebeur het toe sy broers hom verkoop het aan 'n reisiger. Hulle het die geld wat die reisiger aan hulle betaal het gevat en sandale / skoene vir hulle gekoop. Hoekom? Hulle het hom so gehaat dat hulle nie die geld op iets waardevols wou spandeer nie, maar eerder skoene gaan koop om daardie broer van hulle verder te vertrap op die grond. Soos ons weet dat Josef later 'n groot heerser geword het en dat sy broers na hom gekom het vir koring (kos) weens die groot droogte; Daardie skoene wat hulle broer verteenwoordig het, het hulle toe in die gesig geslaan. M.a.w. skoene simboliseer vertrapping tog beskerming en bedekking*).

As jou voete nog nooit fisies gewas was deur 'n broer van jou nie is dit baie belangrik om jou voete aan te bied om gewas te word deur 'n rein persoon eenmaal in jou lewe. As daar 'n tweede of selfs 'n derde keer kom wat iemand aanbied om jou voete te was moet jy dit toelaat (*Nie eenmaal in 'n jaar nie*)! Net een keer het die dissipels dit ontvang van YAHUSHA in die 3 jaar wat Hy met hulle gewandel het.

Mense die boodskap is YAHUSHA. Wees nederig en rein. Hoe kan lig skyn as stof en vullis die lampglas verdof? Jy moet tog eers die vullis verwyder. Hoe kan die boodskap uitgedra word as jy dit nie kan lees nie?
Dis hulle wat daagliks vervuil word deur Ha satans magte daar buite.
In Matt.23:25 staan: *Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle maak die buitekant van die beker en die skottel skoon, maar binnekant is dit vol roof en onmatigheid* [soos die was van die voete].
Wees nederig teenoor jou naaste elke dag van jou lewe. Wees lief vir jou broer en kom op vir hom elke dag van jou lewe. Gaan en was eenmaal fisies die voete van jou broer, maar daarna, gaan besoek en onderskraag hom. Deur voete te was kry [YAHUSHA] jy toegang in daardie persoon se lewe. Hy is meer oop en ontvanklik daarna. Lees in Matt.24:46. wat sê: *as Hy kom, dat Hy ons op hierdie manier besig sal vind.* Nie een maal 'n jaar nie, maar elke dag.